House of Cards
The King

Januarie
30-3 feb

Maandag
30 Januarie 2012
Leef Jy *Liefde*??

Lukas 2:52

"Jesus het groot geword en nog meer wysheid gekry. God en die mense was lief vir Hom."

God se *liefde* vir jou kan nooit opraak nie, dit is 'n *liefde* sonder einde, 'n *liefde* wat keer op keer in die verlede beklemtoon is, 'n *liefde* waarop jy jou hele lewe lank kan reken, 'n *liefde* wat by Golgota bewys is, skryf Nina Smit.
Wanneer ons regtig besef hoe groot God se *liefde* vir elkeen van ons is, kan ons nie anders as om anders te dink, praat en doen nie. Dan wil ons tyd by Hom deurbring, Sy woord lees, na sy stem luister en doen wat Hy van ons vra. En wanneer Sy liefdesgees ons vul, tree ons ook anders teenoor ander op.
Wanneer die God van *liefde* jou lewe verander, sal ander *liefde* in jou oë lees, in die aanraking van jou hande van jou hande voel, in jou glimlag beleef, in jou woorde hoor en in jou dade sien!
Dink vandag hieroor:
Wat sien mense as hul na jou kyk? LEEF JY *LIEFDE*??
Gebed:
Maak my *liefde*, Here Jesus! Maak my *liefde*-soos-U!!
Amen.

Hoe lyk die week?

Maandag
Who's the boss?
Dinsdag
So wie is nou reg?
Woensdag
Mamma Maggie
Donderdag
Ooreenkoms
Vrydag
Oorgee

Dinsdag

31 Januarie 2012

Vat- of Gee- Liefde?

Johannes 15: 13

"Die beste bewys van liefde is wanneer iemand vir sy vriende sterf sodat sy vriende kan lewe."

Volgens die wêreld is liefde om te ontvang. Maar kyk na hierdie *statement* wat Jesus maak, die GROOTSTE liefde is om te **GEE**!!!

Hoe verskil **Vat**-Liefde van God se **GEE** liefde?

Vat Liefde **VRA**:

"Watter voordeel het dit vir MY?"
"Wat wil EK by hom/haar hê?"
"Wat kan daardie persoon vir MY beteken?"

God se **GEE**- liefde **SÊ:**

"Watter voordeel het dit vir my MEDEMENS?"
"Hoe kan ek ANDER help?"
"Wat kan ek doen om vir IEMAND iets te beteken?"

God se liefde is NIE 'n wat-kan-ek-ontvang-liefde nie, Sy liefde is 'n **HOE-KAN-EK-GEE-LIEFDE**. Die wonder is dat wanneer ons uitreik, kry ons, wanneer ons omgee, leef ons en wanneer ons gee, ontvang ons júis meer… AWESOME NEH?

Dink hieroor vandag:

Liefde is maklik om weg te gee en altyd beskikbaar…en tog is dit die kosbaartse geskenk wat jy iemand kan bied…

Gebed:

Jesus, wys my, leer my om van my **VAT** hart 'n ware **GEE** hart te maak, deur so te maak, sal ek ontvang. Amen.

Woensdag

1 Februarie 2012

Behou jou liefde!

Matt 24:12

"Meer en meer mense sal nie doen wat God se wette sê nie, en daarom sal die liefde van die meeste mense min word."

Die hele wêreld is selfgesentreerd, d.w.s alles draai om…my! So-lank ek ontvang, kan aangaan, *cool* wees ens ens is alles goed. Liefde gaan juis oor niks anders as, wag daarvoor... ander mense! Die tweede helfte van die 10 gebooie gaan oor liefde vir jou naaste! Satan laat al die onwaarhede na die regte/belangrike lyk. EN DIT IS LEKKER, *let's face it!!*

Liefde is goedkoop en vinnig (McDonalds se Drive-Thru is soos 'n slak in *reverse*!) en dit lyk so lekker, want dit is! Of nie?? Solank jy op die een in die spieël fokus sal liefde nie dit word wat God bedoel het vir jou nie.

Dink hieroor vandag:

Ek moet minder word sodat Jesus meer kan word!

Gebed:

Here, ek wil meer liefde wys. As ek kan gee sal ek ontvang. Help my asb hiermee. Amen.

Donderdag 2 Februarie 2012

Wat wen? Rooihartliefde of Hemelse –liefde?

Johannes 15:9

"Die Vader is lief vir My. So is Ek ook lief vir julle. Julle moet vashou aan my liefde, my liefde moet vir julle baie belangrik wees."

Gewoonlik die tyd van die jaar is die winkels vol rooi harte gepak en geplak, die boekwinkels is oortrek van rooi kaartjies en restaurante vooruit bespreek vir daái romantiese etes. Dis 'n mengelmoes van opgestopte harte, sjokelades, bekers, blomme, boeke en BAIE meer…

HARTE HARTE HARTE

Natuurlik is dit mos lekker om ons geliefdes spesiaal te laat voel , of hoe? Maar Hemel – liefde is baie meer as 'n een-keer-per –jaar-flikkering. Hemelse liefde het ELKE dag lief, ongeag die datum, om-standighede/situasie. Standhoudende en opregte liefde staan elke oggend op met 'n hart wat aan ander wil doen wat jy aan jouself gedoen wil hê…

Hoe meer Hemelse Liefde jy uitleef, hoe meer vriende sal jy hê!
Hoe meer goddelike liefde jy besit, hoe meer goedheid sal jy ervaar!
Hoe meer opregte liefde jy gee, hoe meer liefde sal jy ontvang!

Dink vandag hieroor: Verf DIE hele jaar jou lewe vol hemelse liefde!

Gebed: Maak my en my mede REVO pelle ware, opregte liefdes mense – ELKE dag van die jaar. Amen.

Vrydag

3 Februarie 2012

Meester van Liefde!

1 Kor 16:14

"Julle moet alles met liefde doen."

No Ways!! Hier is 'n foutjie. Daai girl/ou/ma/pa/boetie/sussie/pel kan ek nie in liefde hanteer nie. What de Frikkadel??!!

Dit is juis wat satan ons wil laat glo. Lees gou Joh 3:16. Ja dit het gebeur. So lief dat jy jou BB sal weggee?? Jou ipad/laptop/PC ? wat nog te sê van jou seun/dogter? (OK,OK, jy is 'n tiener. Maar dink daaroor). Liefde in God, jouself (jy mag jouself liefhê), die gawes wat jy het, die feit dat jy lewe! So baie kan jou by alles verby laat kyk en God se liefde laat seëvier (dit is nou 'n mooi woord vir wen)!

In alles wat jy doen moet jy God lief hê en jy moet ook alles wat jy doen in liefde doen. Selfs die grootste konflik hantering moet in liefde gedoen word. Selfs as jy vir iemand wil verduidelik dat hulle verkeerd doen moet dit in liefde gedoen word.

<u>Dink hieroor vandag:</u>

Doen meer sonder bedoelings. Doen dit net in Liefde!

<u>Gebed:</u>

Vader, U liefde is al wat sin maak. Help my om met hierdie liefde die heeltyd uit te leef! Amen.

Reminder:

Ons het 11 Februarie 'n uitreik na Life Community Services waar ons vir die kids almal kaan tasse en skryfbehoeftes gee. Kom join ons!!